Ps. 33: 1, 3. ~~Ps. 84~~: Die Tweede Myl Potch. Polisiebiddag 14 Aug. 1955.

Ges. 67: 2, 5 Lev. 24: 13-22

" 62: 3. Matt. 5: 33-48

Matt. 5: 41 – En iemand wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam.

„Oog vir oog en tand vir tand". Hd. uitdrukking het i.d. loop v. eeue d. harde en meedoënlose betekenis gekry van iemand wat met 'n duiw. genot in sy haat dit geniet om wraak te neem en vergelding te doen vir kwaad gely. Xtus het dit ook in dié sin aangehaal juis omdat Hy gemerk het hoedat sommige Jode d. woorde misbruik het om hulle eie pers. gevoel van haat op hulle vyande te wreek.

Die aanhaling „oog vir oog & tand vir tand" kom ~~egter~~ uit. Lev. 24: 20 en verwys eintlik na 'n belangrike beginsel van die Mosaiese wet – 'n beginsel wat deur d. eeue heen d. grondslag van ons alle regspraak gevorm het nl. dat alle straf in ooreenstemming moet wees met d. oortreding. Wie lig oortree het, moet lig gestraf word; wie swaar oortree het, moet swaar gestraf word. Dis d. enigste manier w/op d. mens sy naaste se regte sal eerbiedig en beskerm. In dié sin dus goeie reël wet +

Deur d. eeue heen moes hd. regspraak dien om mense se regte te beskerm en vrede tussen mense te bewaar. Vir d. mense wat moes regspreek 'n moeilike en veeleisende taak! Watter groot verantwd. rus daar op sulke regters, magistrate, polisiedienaars, prokureurs + advokate v. jurielede om in opregthd., billikhd. en regverdighd. op te tree!

Die tog her d. gesk. ons dat al hd. pogings, al d. wette, d. hele, ingewikk. wetsmasjinerie van elke land

a) d. reg nie altyd laat seëvier nie. Gebeur nog elke dag dat onskuldiges gestraf word en skuldiges vry loop!

b) nie d. misdaad laat verminder of keer nie! Inteendeel: hoe meer wette, hoe meer oortredings!

Waarom is dit so? Het een rede: sonde in d. mens se hart – maak hom hard & blind. Weet wat reg is, maar wil nie wat reg is! Selfsug, hebsug, eersug dryf d. mens tot diefstal, moord, roof & geweld – & so word ons howe en tronke voller & voller!

Nee, meer wette sal nie meer vrede en minder misdaad bring nie! Wat dan?

Xtus se antwd op al hd. dinge was: Matt. 5: 39-41

① Klap = hou met agterkant v. regterhand teen iemand se linkerwang > besonder beledigend

② Kleed = reg v. skuldeiser om d. bokleed te neem as sekuriteit. Mos dit weer voor d. nag teruggee maar kon dan onderkleed (dagdrag) as pand neem

③ reismyl = elke Israel. verplig d. reg om langs eensame pad 'n geleide te eis v. een myl. Romeine dit oorgeneem – Jode opgekommandeer om hulle te help in uitvoering pligte (vgl. Simon v. Cirene).

Nou kom Xt. & sê: loop nie alleen d. verpligte myl nie, maar ook nog 'n vrywillige myl by! Sê: Julle moet 'n slegte mens nie weerstaan nie". Beteken dit dan dat skurke & rowers maar straffeloos kan voortgaan om onskuldiges te verontreg & hulpeloses te beroof? Wegdoen met alle gesag, geregsdienaars, howe & straf? Boosdoener in sy kwaad sterk?

O nee! As Xt. d. wd. „weerstaan" gebruik dan bedoel hy eintlik: „prosedeer" = agterna met oogmerk om te wreek & te vergeld.. Wil slegs sê:

① d. Xten moet nie hier hh probeer d. reg verskaf nie, al sou hy ook d. reg aan sy kant hê!

② d. Xten altyd gereed om alle kwaad en onreg te vergewe (= 70 x 7 – Mt. 18: 21, 22).

③ d. Xten sal haat, onreg & twis alleen oorwen deur nie net alleen sy plig te doen nie, maar ook baie meer as sy plig – ~~al moet hy ook afdank ly~~!

④ Bereidwilligheid om te ly indien nodig

M.a.w. die geheim van 'n gelukkige, vredevolle lewe lê in die loop v.d. 2e myl!

Laat my paar voorbeelde noem om te verduidelik

a) ~~Lewe wat verbygaan~~ Wat het ons wande: Jesus wil ons hier „die nog uitnemender weg" wys. Veronderstel iemand het my groot kwaad of onreg aangedoen – wat gemaak?

(i) Wraakneming : 10 dubbeld teruggbetaal.

(ii) Vergelding : „oog vir oog"..

(iii) Veragting : neem nie langer v. hom notisie

(iv) Oorwinning : goed doen, kole op hoof „haat jou nie deur d. kwaad ...." Tweede myl

b) Lewe wat verbygaan: moet almal oor word. Mr. nou een groep: opstandig, ontevrede, gegrief – loop d. een myl v. dwang met verbitt. gees. – Ander groep: Haal & soek d. mooiste uit dd. tyd – loop d. tweede myl!

c) Ons arbeid: Een groep: werk 'n harde plig, las, Ander groep: maak dit tot 'n vreugde.

d) Ons omstandighede: Groot ideale & verwagtinge – gawe van besondere talente: word nie verwesenlik. Nou?

1e Groep: mismoedig, verbitter, gegrief ...

2e Groep:

Wat is d. geheim? Wn word so iets moontlik? Alleen wn daar 'n stroom van liefde ons harte deurspoel – dié liefde wat alles vergewe, dié liefde wat jouself verloën, dié liefde wat vir ander die beste soek!

Maar nou vra mense: Is dit moontlik? Sal dit werk? Sal ander mense met hulle selfsug nie misbruik maak van hd. goedheid nie? Dit nie uitbuit om hulleself te bevoordeel nie? nie?

Staan hier voor d. dwaasheid v.d. Kruis – van Een wat self d. 2e myl tot uiterste gegaan het.

Vrug: a) Verkry grootste geluk

b) " " sielsleed

c) Word 'n skepper v. bouer van d. vrede – blyw. vrede, ware vrede, Godsvrede.